



**Wes-Kaapse  
Regering**

Onderwys

Direktoraat: Beleidskoördinerings

**BELEID VAN DIE WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT OOR DIE KEURING VAN PERSONE WAT  
IN AANRAKING KOM MET LEERDERS OF AMPTENARE BY 'N OPENBARE SKOOL OP HULLE  
SKOOLPERSELE OF BY 'N SKOOLAKTIWITEIT**

<b>Inhoud</b>	<b>Bladsy</b>
1. Woordomsrywings	2–3
2. Wetgewende raamwerk	3
3. Doel	4
4. Omvang	4
5. Keuring van persone wat openbare skole besoek	4–5
6. Toegang tot openbare skoolpersele	5–6
7. Persone wat seksuele oortredings begaan het	6
8. Omstandighede waaronder 'n persoon ongeskik is om met kinders te werk	6
9. Algemeen	6
10. Oorsig	6

## **1. Woordomsrywings**

In hierdie beleid het 'n woord of uitdrukking waaraan daar 'n betekenis geheg is, die betekenis wat daaraan geheg is en, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken:

**“keuring”** die agtergrondkontroleringsproses van 'n persoon deur die betrokke organisasie, Hoof van die Departement, prinsipaal, beheerliggaam of ander toepaslike gesag, wat die geval mag wees, voordat hy of sy werk aangebied word of toestemming verkry om in aanraking te kom met die leerders en/of amptenare by 'n openbare skool.

**“Nasionale Kinderbeskermingsregister”** 'n rekord van al die verslae van misbruik of doelbewuste verwaarloosing van 'n kind, alle skuldigbevindings van alle persone op aanklagtes wat die misbruik of doelbewuste verwaarloosing van 'n kind behels en alle beslissings deur 'n kinderhof dat 'n kind versorging en beskerming benodig as gevolg van die misbruik of doelbewuste verwaarloosing van die kind, asook 'n rekord van persone wat ongeskik is om met kinders te werk;

**“Nasionale Register vir Seks-oortreders”** 'n databasis wat die besonderhede bevat van persone wat skuldig bevind is aan enige seksuele oortreding teen 'n kind of geestesongestelde persoon;

**“nieregeringsorganisasie”** ’n organisasie sonder winsbejag wat op ’n provinsiale, nasionale of internasionale vlak georganiseer is, wat onafhanklik van die regering werk, en wie se doel dit is om kapasiteit, vaardighede of hulpbronne aan ’n openbare skool te verskaf met die doel om die lewering van onderwys in die provinsie te verbeter;

**“ongeskikte persoon”** ’n persoon wat onderworpe is aan inhegtenisneming, aanklag of skuldigbevinding van ’n oortreding soos in hierdie beleid beoog;

**“openbare skoolpersele”** ’n gebou, bouwerk, saal, kamer, kantoor, toilet, grond, omheining, wat onder die beheer van die beheerliggaam van ’n openbare skool is, waartoe ’n openbare lid toegang het, of gewoonlik toegelaat word, of waartoe hy of sy toegelaat mag word;

**“organisasie”** ’n georganiseerde groep mense met ’n spesifieke doel, soos ’n sakeonderneming of staatsdepartement;

**“organisasie sonder winsbejag”** ’n trust, maatskappy of ander vereniging van persone—

(a) gestig vir ’n openbare doel; en

(b) waarvan die inkomste en eiendom nie onder sy lede of ampsdraers verdeel kan word nie, buiten in die geval van vergoeding vir dienste gelewer;

**“skoolaktiwiteit”** enige amptelike opvoedkundige, kulturele, ontspannings- of sosiale aktiwiteit van die skool binne of buite die skoolperseel;

## 2. Wetgewende raamwerk

2.1 Die wetgewende raamwerk vir hierdie beleid is:

(a) Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005);

(b) Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

(c) Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977);

(d) Wysigingswet op die Strafbereg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet 32 van 2007);

(e) Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998);

(f) Wet op Organisasies Sonder Winsoogmerk, 1997 (Wet 71 of 1997);

(g) Wet op die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders, 2000 (Wet 31 van 2000);

(h) Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996);

(i) Wet op Oortreding, 1959 (Wet 6 van 1959);

(j) Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997).

### **3. Doel**

Die doel van hierdie beleid is om—

- (a) leerders by openbare skole te beskerm sodat hulle nie slagoffers word van seksuele oortreders of persone wat ongeskik is om met kinders te werk onder die Wysigingswet op die Strafbereg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet 32 van 2007), of enige toepaslike wet of beleid nie.
- (b) ongemagtigde persone te verhinder om toegang tot openbare skole te verkry.
- (c) voorkomende maatreëls in te stel wat ongeskikte persone toegang tot leerders en amptenare by openbare skole of skoolaktiwiteite weier.

### **4. Omvang**

Hierdie beleid is van toepassing op alle persone wat deur organisasies in diens geneem is, wat leerders en/of amptenare by openbare skole besoek of toegang tot hulle het vir die doel van opvoedkundige programme, projekte of buitemuurse aktiwiteite.

### **5. Keuring van persone wat openbare skole besoek**

- 5.1 Die organisasie waaraan 'n persoon wat 'n skool besoek behoort of waarmee dit geaffilieer is, moet verseker dat enige persoon wat 'n openbare skool besoek, gekeur is vir interaksie met die leerders en/of amptenare by die openbare skool.
- 5.2 Die organisasie waarna in paragraaf 5.1 verwys word, of sodanige persoon in sy/haar persoonlike hoedanigheid, moet toegang verkry tot:
  - (a) die Nasionale Register vir Seks-oortreders deur aansoek te doen om 'n klaringsbewys van die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling; en
  - (b) die Nasionale Kinderbeskermingsregister deur aansoek te doen om 'n klaringsbewys van die Departement van Maatskaplike Ontwikkelinggedurende die werwing van sodanige persoon indien hulle van voornemens is om met kinders of geestesongestelde persone te werk of kontak met hulle te maak, welke klaringsbewyse as bewys sal dien dat sodanige persoon nie in die voorgenoemde registers se lys verskyn nie.
- 5.3 Die openbare skool moet 'n bygewerkte register/skriftelike bewys hou van alle persone wat klaring van hulle onderskeie organisasies gekry het.
- 5.4 Alle besoekers aan die skool moet bewys van identiteit lewer en daar sal van hulle verwag word om by aankoms in te teken en by vertrek uit te teken. Daar sal van hulle verwag word om 'n amptelike besoekerskenteken te dra en hulle mag ten alle tye onder toesig wees in hulle interaksie met leerders, na gelang van die betrokke omstandighede.

- 5.5 Persone wat skole besoek om vergaderings of skoolaktiwiteite by te woon of om goedere af te lewer of instandhoudingswerk te verrig, soos ouers of lede van die publiek of maatskappye, hoef nie gedurig gekeur te word voordat hulle op skoolpersele of 'n lokaal waar 'n skoolaktiwiteit plaasvind, toegelaat word nie. Sodanige besoekers moet nogtans deur 'n amptenaar van die openbare skool beheer word en hulle toegang tot gebiede en bewegings binne die skool of die lokaal waar 'n skoolaktiwiteit plaasvind behoort soos benodig beperk te word. Hulle behoort (na gelang):
- (a) deur 'n skoolamptenaar/verteenwoordiger ontmoet/gelei te word;
  - (b) deur die skool se amptenare by die skool in- en uitgeteken te word;
  - (c) indien van toepassing, slegs beperkte toegang gegee te word tot spesifieke gebiede van die skool;
  - (d) waar moontlik, deur 'n aangewese amptenaar deur die skoolperseel vergesel te word;
  - (e) duidelik deur besoekerskentekens/kontrakteurstoegangsperritte uitgeken te word indien hulle sonder toesig gelaat word, en hulle toegang tot leerders behoort beperk te word tot die doel van hulle besoek;
  - (f) 'n kordon om hulle werksgebied te span vir leerders se gesondheid en veiligheid indien hulle goedere aflewer of bouwerk, instandhoudingswerk of herstelwerk verrig.
- 5.6 Persone of verteenwoordigers van organisasies wat klaring by 'n vorige geleentheid verkry het, soos getoon deur geskrewe inligting van vorige keuringskontrolering wat gehou is, hoef nie weer gekeur te word nie, tensy die klaringstydperk twee jaar oorskry het.

## **6. Toegang tot openbare skoolpersele**

- 6.1 Die Hoof van die Departement, prinsipaal, beheerliggaam of 'n genomineerde/aangewese amptenaar van 'n openbare skool mag, en vir sodanige tydsraamwerke as wat nodig mag wees—
- (a) sodanige stappe doen as wat hy of sy noodsaaklik ag vir die beveiliging van die openbare skoolperseel, asook vir die beskerming van die leerders en amptenare by die openbare skool; en
  - (b) gelas dat die openbare skool slegs binnegegaan mag word ooreenkomstig die bepalings van subparagraaf 6.2 hieronder.
- 6.2 Geen persoon sal sonder die toestemming van die Hoof van die Departement, prinsipaal, beheerliggaam of 'n genomineerde/aangewese amptenaar van 'n openbare skool, enige openbare skoolperseel binnegaan waarvoor 'n bevel uitgereik is ingevolge subparagraaf 6.1(a) nie, en vir die doel van die verlening van daardie toestemming, mag die Hoof van die Departement, prinsipaal, beheerliggaam of 'n genomineerde/aangewese amptenaar verlang dat die betrokke persoon—

- (a) sy of haar naam, adres en enige ander toepaslike inligting verskaf, soos deur die Hoof van die Departement, prinsipaal, beheerliggaam of 'n genomineerde/aangewese amptenaar verlang;
- (b) bewys lewer van sy of haar identiteit na goeddunke van die Hoof van die Departement, prinsipaal, beheerliggaam of 'n genomineerde/aangewese amptenaar, waar nodig.

## **7. Persone wat seksuele oortredings begaan het**

'n Persoon wat skuldig bevind is aan die pleging van 'n seksuele oortreding of 'n beweerde seksuele oortreding, of dit binne of buite die Republiek van Suid-Afrika gepleeg is, en wie se besonderhede in die Nasionale Register vir Seks-oortreders en die Nasionale Kinderbeskermingsregister opgeneem is, mag nie—

- (a) onder enige omstandighede in diens geneem word om met leerders te werk nie;
- (b) in aanraking kom met leerders en amptenare by openbare skole nie.

## **8. Omstandighede waaronder 'n persoon ongeskik is om met kinders te werk**

'n Persoon is ongeskik om met kinders te werk indien hy of sy skuldig bevind is aan een of meer van die volgende misdade:

- (a) Moord
- (b) Poging tot moord
- (c) Verkragting
- (d) Onsedelike aanranding
- (e) Aanranding
- (f) Aanranding met die voorneme om liggaamlike leed aan te doen
- (g) Gedwonge seksuele aanranding
- (h) Gedwonge self-seksuele aanranding
- (i) Enige ander verwante oortreding.

## **9. Algemeen**

- 9.1 Alle openbare skole moet duidelike aanwysings by die ingang hê dat enige persoon wat die skool betree aan 'n willekeurige ondersoek onderwerp kan word.
- 9.2 Enige persoon wat hierdie bepalings oortree, moet van die openbare skoolperseel verwyder word en kan aangekla word kragtens die toepaslike wetgewing.

## **10. Oorsig**

Hierdie beleid moet hersien word wanneer dit nodig word of in die geval van veranderde omstandighede, soos uitsprake deur wetgewing en/of regulasies en begrotingsbeperkings.